# Kwartaal 3 Formele Assessering Voorbeeld 1

## Projek (70 punte)

### Ontwikkel en stel ’n omgewingsgesondheidsprogram in werking

Jou formele assesseringstaak vir die derde kwartaal is om ’n omgewingsgesondheidsplan te ontwikkel en in werking te stel. Probeer om ’n kwessie te kies waaroor jy inligting sal kan vind en waarop leerders soos julleself ’n uitwerking sal kan hê. Jy sal jou bevindings aan die klas moet voorlê, maar jy kan kies of jy ’n verslag of ’n plakkaat wil indien.

Jou projek sal soos volg geassesseer word:

1. Beplan hoe om as ’n groep saam te werk. (5)
2. Identifiseer ’n omgewingsgesondheidskwessie wat oorweeg kan word deur met familie en vriende te praat, asook met praktisyns in omgewingsgesondheid. (5)
3. Dink na oor hoe die probleem jou gemeenskap raak. (10)
4. Doen navorsing op die internet of by die biblioteek oor hoe om aandag aan die kwessie te gee, byvoorbeeld deur die plaaslike regering of die media te nader. (10)
5. Stel gepaste strategieë en optrede voor om die probleem te voorkom of op te los, byvoorbeeld:
   - Hoe sal dit die omgewing en die gemeenskap bevoordeel? (10)
   - Hoeveel sal dit kos? (5)
   - Hoe sal jy die gemeenskap inlig en betrek? (5)
   - Hoe sal jy evalueer of jy suksesvol was? (5)
6. Ontwikkel jou geskrewe aksieplan en aanbieding. (15)

Maak kopieë vir elke groep van die riglyne op die volgende bladsy.

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

### Riglyne vir die insaeling van inligting

- Stel alles vas wat jy kan oor die omgewingskwessie wat jy gekies het. Fokus op wat dit veroorsaak sowel as die uitwerkings daarvan op mense en gemeenskappe. Hier is 'n paar bronne wat jy kan gebruik om inligting in te samel:
- Versamel relevante berigte in koerante en artikels in tydskrifte.
- Luister na die nuus oor die radio en kyk die TV-nuus. Skryf aantekeninge oor enigiets wat te doen het met die omgewingskwessie wat jou groep gekies het.
- As jy toegang tot 'n biblioteek of die internet het, kry jy boeke en webwerwe wat aandag aan omgewingskwessies gee.
- Probeer om onderhoude met mense te voer wat verantwoordelik is of wat geraak word deur die omgewingskwessie. Onthou, voordat jy enige beskuldigings doen, moet jy baie goed ingelig wees. Vra vrae soos:
  - Wat of wie dink jy is verantwoordelik vir dié kwessie?
  - Wat is die uitwerkings van dié kwessie op die gemeenskap?
  - Wat kan jy doen om die kwessie te help oplos?

### Riglyne vir die aanbieding van jou verslag

- Dit is nie nodig dat jy al die inligting in jou verslag aanbied nie – jou onderwyser en die leerders sal 'n kans kry om deur jou bevindings en voorstelle te lees.
- As jy visuele hulpmiddels gebruik, moet jy verseker dat almal in die klas dit sal kan sien en lees.
- Probeer om soveel groeplede moontlik in jou aanbieding te betrek, óf in die voorbereiding, óf voor die res van die klas.

### Riglyne vir werk in groepe

Die belangrikste ding wat onthou moet word oor werk in groepe is dat julle mekaar se pogings moet ondersteun as julle wil hê die groep moet goed werk. Voordat julle begin, moet julle almal instem om terugvoering konstruktief en hoflik te gee en te ontvang. Hou die volgende vrae in gedagte terwyl julle saamwerk aan jul projek:

- Het jul groep 'n duidelike fokus? Is julle almal op dieselfde bladsy?
- Kry almal in die groep 'n kans om hul idees te verduidelik en te sê wat hulle graag wil doen?
- Hoe is die leiding van die groep? Is daar enige konflik? Hoe gaan julle die konflik oplos?

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

# Kwartaal 3 Formele Assessering
# Voorbeeld 1 Memorandum

## Projek (70 punte)

Vir hierdie projek beplan die leerders 'n veldtog, implementeer die idees wat hulle beplan het en evalueer hoe suksesvol hulle was. Leerders kan kies of hulle 'n verslag of 'n plakkaat wil inhandig.

Gebruik hierdie kontrolelys om jou te help om hul projekte na te sien.

| Kriteria | Punte | ✓ |
|---|---|---|
| Beplan hoe om as 'n groep saam te werk. | 1–5 punte | |
| Identifiseer 'n omgewingsgesondheidskwessie om te oorweeg deur met familie en vriende te gesels, asook met omgewingsgesondheidspraktisyns. | 1–5 punte | |
| Beskou die invloed van die probleem op die gemeenskap. | 1–10 punte | |
| Doen navorsing om die kwessie aan te spreek. | 1–10 punte | |
| Stel strategieë voor en verduidelik hoe die gemeenskap daarby kan baat. | 1–10 punte | |
| Bepaal finansiële koste. | 1–5 punte | |
| Bepaal 'n strategie om die gemeenskap in te lig en te betrek | 1–5 punte | |
| Besluit hoe die sukses van die veldtog geëvalueer kan word | 1–5 punte | |
| Ontwikkel 'n geskrewe plan van aksie of plakkaatvoorstelling | 1–15 punte | |

# Kwartaal 3 Formele Assessering
# Liggaamsopvoedingtaak (LOT)

## Liggaamsopvoedingstaak (30 punte)

- Deelname en bewegingsprestasie sal hierdie kwartaal in Liggaamsopvoeding geassesseer word.
- Gee 'n punt uit 20 vir deelname (sien rubriek op bladsy 16).
- Merk bewegingsprestasie en die verbetering van bewegingstegnieke (beweging, elevasie, rotering en balans) uit 10.

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

# Kwartaal 3 Formele Assessering Voorbeeld 2

## Projek (70 punte)

### Skryf 'n verslag

Skryf ’n verslag oor ’n Suid-Afrikaanse sosiale/ekonomiese behoefte en hoe die loopbaan van jou keuse in hierdie behoefte kan voorsien.

### Motivering

Hierdie kwartaal is julle bekend gestel aan die stappe om te volg wanneer julle ’n loopbaankategorie kies wat verband hou met hulle belangstellings, sterk punte en waardes. Julle het ook vertroud geraak met Suid-Afrika se sosiale en ekonomiese behoeftes. Hierdie projek help julle om jul geïdentifiseerde belangstellings te laat inskakel by ’n werklike behoefte in Suid-Afrika, wat jul kanse op indiensneming sal verhoog.

### Riglyne vir inhoud

Skryf ’n verslag van drie of vier bladsye waarin die volgende opdragte uitgevoer is:

- Identifiseer en beskryf ’n sosiale of ekonomiese probleem in Suid-Afrika.
- Noem en beskryf die tipes vaardighede en soort werk wat die probleem kan aanspreek.
- Identifiseer ’n loopbaankategorie en spesifieke loopbane wat gevolg kan word as jy die probleem sou wou help verlig.
- Beskryf die soort persoon wat vir dié loopbaan geskik sal wees (verskaf ’n uiteensetting van belangstellings, sterk punte en waardes wat vir hierdie loopbaan toepaslik is).

Gebruik hierdie kriteria om die leerders se verslae te assesseer:

Die leerder:

- identifiseer en beskryf ’n sosiale of ekonomiese probleem in Suid-afrika. (10)
- noem en beskryf die tipes vaardighede en soort werk wat die probleem sou kon aanspreek. (15)
- identifiseer ’n loopbaankategorie en spesifieke loopbane wat gevolg kan word as jy die probleem sou wou help verlig. (15)
- beskryf die soort persoon wat vir dié loopbaan geskik sal wees (verskaf ’n uiteensetting van belangstellings, sterk punte en waardes wat vir hierdie loopbaan toepaslik is). (15)
- Organisasie: duidelike kommunikasie van inligting en idees. (15)

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

OXFORD HEADSTART Life Orientation

# Kwartaal 3 Formele Assessering Voorbeeld 2 Memorandum

## Projek (70 punte)

Gebruik hierdie rubriek om die leerders se verslae na te sien:

| KRITERIA | 0–5 | 6–10 | 11–13 | 14–15 |
|---|---|---|---|---|
| **Identifiseer en beskryf 'n sosiale of ekonomiese probleem in Suid-Afrika. (10)** | Swak | Voldoende tot uitstekend | | |
| **Noem en beskryf die tipes vaardighede en soort werk wat die probleem sou kon aanspreek. (15)** | Vaardighede swak of glad nie geïdentifiseer of beskryf nie | Noem en beskryf vaardighede soms, soms goed gekies om by die behoefte te pas. | Baie goed: Noem en beskryf vaardighede akkuraat, goed gekies om by behoefte te pas. | Uitstekend: Alle vaardighede gekies om die probleem op te los en akkuraat te beskryf. |
| **Identifiseer 'n loopbaan-kategorie en spesifieke loopbane wat gevolg kan word as jy die probleem sou wou help verlig. (15)** | Geen loopbaan of verkeerde loopbaan geïdentifiseer | Loopbane en loopbaan-kategorieë wat sou kon help om die behoefte te identifiseer, meestal akkuraat geïdentifiseer. | Goed, identifiseer loopbaan-kategorieë akkuraat; loopbane toepaslik gekies om te pas by die behoefte wat geïdentifiseer is. | Uitstekend: Akkurate keuse van loopbaan, loopbaan-kategorie wat goed skakel met geïdentifiseerde probleem. |
| **Beskryf die soort persoon wat vir dié loopbaan geskik sal wees. (15)** | Sit 'n paar belangstellings, sterkpunte en waardes geskik vir hierdie loopbaan uiteen. | Sit sommige belangstellings, sterk punte en waardes geskik vir hierdie loopbaan uiteen. | Sit meeste belangstellings, sterk punte en waardes geskik vir hierdie loopbaan uiteen. | Sit alle belangstellings, sterk punte en waardes geskik vir hierdie loopbaan uiteen. |
| **Organisasie: Duidelike kommunikasie van inligting en idees. (15)** | Organisasie van verslag en kommunikasie van idees swak. | Organisasie van verslag en kommunikasie van idees voldoende. | Organisasie van verslag en kommunikasie van idees goed. | Organisasie van verslag en kommunikasie van idees uitstekend. |
| | | | | **Totaal: /70** |

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013